

TEOLOGIESE DAG 2013 OOR DIE NUWE DEFORMASIE
Daar is niks nuuts onder die son nie
Prof. R. Marè

1. Inleiding

2 Kor. 3:15-18; 4:2b-4 – Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.

Dit gaan in hierdie referaat oor die feit dat die leerstelling van die nuwe Deformiste hulle wortels in die geskiedenis het. Die saak is egter so wyd, dat vandag net stilgestaan word by enkele aspekte. Die ergste van alles is die verwerping van die Heilige Skrif as God se openbaring aangaande Homself en sy wil.

Die vertrekpunt in hierdie referaat is dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is. Sou dit nie die geval wees nie, weet niemand of God bestaan, Wie Hy is en wat Hy wil nie. Dan val alle sekerhede weg en kan ons maar die kerk sluit as 'n blote mensgemaakte sosiale verkeersentrum.

In hierdie voordrag word 'n bepaalde patroon gevolg: Eers word gestel watter dwaalleer vandag aan die orde is ("Vandag"); daarna word aangetoon dat die dwaalleer in dieselfde of ander vorm in die verlede reeds voorgekom het ("Gister"); vervolgens word 'n paar plekke in die Bybel gemeld waarin die betrokke dwaalleer afgewys word ("Korrektief uit die Woord"). Laasgenoemde kategorie sal nie uitgewerk word nie, maar baie kort gestel word, omdat dit nie die klem van die tema van hierdie voordrag is nie en daardie aspek deur ander voordragte van vandag hanteer word.

2. 'n Paar gekose dwalinge

In hierdie referaat word die volgende basiese openbaringe wat God aan die mens in sy Woord gegee het, gekies om aan te toon dat die dwalinge wat daarmee saamhang, nie eers in die laaste eeue ontstaan het nie. Reeds in die Skrif word daarvan melding gemaak en die geskiedenis van die mensdom en die kerk is tegelyk ook 'n geskiedenis van die dwalende hart van die in sonde gevalle mens.

Daar word gefokus op die volgende:

- Die mens se geneigdheid om sy gevoelens en sy eie intellek as die maatstaf te handhaaf vir al sy standpunte en optredes (in die lig van die Skrif beskou).
- Skrifbeskouing.
- God.

- Die geskape werklikheid.
- Die Here Jesus Christus.

3. Die mens se geneigdheid om sy gevoelens en sy eie intellek as die maatstaf te handhaaf vir al sy standpunte en optredes (in die lig van die Skrif beskou)

3.1. Vandag

- Omdat die Bybel as Woord van God verdraai of verwerp word, word allerlei standpunte gehandhaaf wat net te verklaar is uit die feit dat die grote mens in sy goddelose hoogmoed self bepaal wat dan die waarheid sou wees.
- Daar word verskillende dinge oor God gesê (kyk punt 5 hier onder). Wie moet ons glo? Moet ons die mens se eie bedinkings glo? Of moet ons ons verlaat op 'n objektiewe Bron buite onself?
- Alle materie het tot stand gekom deur evolusie. Hoe weet die mens dit? Deur gewaande “wetenskaplike” kennis, wat deur ander wetenskaplikes as onbetroubaar en vals aangedui word? Hierdie “kennis” is bekom deur die insigte van die mens en nie deur 'n openbaring van buite homself nie.
- Oor die Here Jesus Christus word baie dinge geleer wat nie vanuit die Ou of Nuwe Testament geverifieer kan word nie.

Bogenoemde en duisende ander opvattinge berus op die mens se denke en gevoelens.

3.2. Gister

- **Ou Testament**
 - Waaruit is Adam se besluit om van die verbode vrug te eet, gebore? Teen die bevel van God in, het hy sy eie wil (gevoel en denke) gevolg.
 - Waar het die mens se boosheid en versinsels (Gen. 6:5) vandaan gekom, anders as uit homself? “Versinsels” dui tog op verdigsels, fantasieë, dinge wat die mens hom ingebeeld het.
 - Hoe het dit gebeur dat Tera nie meer die God van die Ou Testament geken het nie? Waarom moes God Homself aan Abram openbaar? Omdat Tera en Abram (en hulle tydgenote) die ware God se bestaan nie gehandhaaf het nie. Moses het baie met die verdrukke volk van God te doen gehad voordat hy tot geloof in *EK IS* gekom het.
 - Toe die Israeliete die Tora gehad het, het hulle dikwels opgetree asof hulle dit nie besit nie. Die volk moes hulle aan God se verbond met hulle hou – maar waar kon hulle op hoogte kom met wat sy verbond behels, want Moses is dood? In die geskryfte wat God laat opstel het. Oor en oor moes die Here hulle terugroep na die bepalings van die verbond. Hulle kon dit gaan lees! Wie sy eie wil, sy gevoelens en sy rede ondergeskik aan God

se openbaring wat op skrif gestel is, onderwerp, het die pad van God bly loop. Dis so 'n mens wat objektiewe kennis van God en sy wil besit.

- Wanneer die Here sy volk wil sterk, vertroos (of waarsku!) deur sy almag, het Hy dikwels op die feit gewys dat Hy die Skepper van die hemel en die aarde is. Net voor die intog in die beloofde land, sê Hy *Want wie doen tog ondersoek na die vorige dae wat voor jou gewees het, van dié dag af dat God mense op die aarde geskape het en van die een einde van die hemel tot die ander einde van die hemel, of so iets groots gebeur het of iets dergeliks gehoor is* (Deut. 4:32). Waarom was dit nodig om hulle daaraan te herinner? Dikwels juis omdat hulle dit nie geglo het nie.
- Mense meet wyd uit oor die Here Jesus Christus. Wat hulle oor Hom voel en dink, is vir hulle deurslaggewend. Maar die Ou Testament het reeds van Hom getuig. Vanuit die agtergrond van bekendheid met die Ou Testament (die *Wet en die Profete*) het derduisende Jode die Messias verwerp toe Hy gekom het. Vandag nog wil die Jode as volk nie die verdere openbaring van God (die Nuwe Testament) aanvaar nie, omdat hulle nie daarna voel nie en omdat hulle denke hulle maatstaf is. Weens die verharding van hulle *sinne* (HAT: rede, gevoel, begeertes, luste) bly die Ou Testamentiese getuienisse oor die Here Jesus vir hulle bedek (2 Kor. 3:13,14). Solank jou sinne jou maatstaf is, kom jy nie by die Here (Drie-enige God) en sy wil uit nie.

Die Ou Testament wemel van berigte oor mense wat geglo en gedoen het soos hulle gevoelens en denke hulle gelei het.

- **Nuwe Testament**

- Wysgere by die Areopagus verneem dat die God wat Paulus verkondig (Hand. 17), die ware God is en dat Hy die tye van onkunde oorsien (vers 17) en wil dat mense oral hulle tot Hom moet bekeer. Dit wou die wysgere nie aanvaar nie, want hulle het 'n veelgodendom gehandhaaf. Paulus se God kon in hulle oë (na hulle gevoelens en denke) wel kwalifiseer as een van vele gode. Die ganse heidendom se godsdienste was geskoei op die lees van hul eie denke en gevoelens.
- In Hand. 17:18 word die Epikureïese wysgere genoem. Paulus het met hulle op die mark gesprek gevoer. Hulle was daarvoor bekend dat hulle ontken het dat die wêreld op bonatuurlike wyse ontstaan het. Dit staan dan teenoor die belydenis van die skepping deur God. In die Nuwe Testament word dikwels na die skepping deur God verwys.
- Dit het teen die ryk jongman se gevoelens ingegaan om sy besittings te verkoop en die opbrengs uit te deel en die Here Jesus te volg. Hy het meer vir sy besittings gevoel as vir die Here Jesus.
- In die Here Jesus se uitspraak dat die skare Hom gesoek het ter wille van die brode wat Hy vermeerder het en nie ter wille van die teken dat Hy die

Christus is nie (Joh. 6:26), kom die waarheid na vore dat mense Christus om selfsugtige redes kan volg en nie omdat hulle in Hom as Seun van God en as Messias glo nie. Dan speel die eie insig en gevoelens weer die deurslaggewende rol. Hulle harte was verhard (Mk. 6:52). 'n Mens se hart behels onder meer sy denke, gevoel, diepste ek. Jou hart staan in hierdie sin teenoor die geloof (want die Here kan jou 'n nuwe hart gee, wat reg teenoor hierdie dinge staan). Alhoewel die Here Jesus baie tekens voor die mense gedoen het, het baie nie in Hom geglo nie (Joh. 12:37).

- **Die geskiedenis sedert die hemelvaart**

- Hier word alleen daarop gewys dat die ongelowige mens deur die betrokke eeue heen standpunte oor God, die skepping en die Here Jesus ingeneem het op grond van hulle eie goeddunke en op grond van wat ander mense hulle wysgemaak het.
- In die behandeling van die dwalinge rakende God, die skepping en die Verlosser, sal meer inligting verstrekkend word oor verskillende standpunte in die verband.

- **Die Nuwe Deformasie**

- Die uitsprake van die deformiste (deformatore) is nie gemaak op grond van die boodskap van die Bybel nie, maar op grond van veral hulle rede. Dit sluit natuurlik nie hulle gevoelens uit nie.
- Hulle opereer nie met geloof nie, maar met die “sekerheid” wat hul intellek en die wetenskap vir hulle bied.

3.3. Korrektief uit die Woord

- *Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar (Jes. 53:1)?*. Die antwoord op die vraag is: Net hulle glo, aan wie God sy openbaring in die hart gee. God “onthul” Homself aan hulle aan wie Hy 'n geestelike oog gee. Dan kan hulle sy grootheid sien (Ridderbos). Die ware Israel, die gelowiges, glo. Dan glo hulle nie op grond van hulle gevoel of hulle rede nie, maar op grond van God se openbaring. Anders gestel: Die Heilige Gees werk die geloof in hul harte – nou glo hulle wat God in sy Woordopenbaring aan hulle gee.
- Dit vorm die gelowige se gevoel en denke oor God, oor wat Hy aangaande die skepping openbaar en oor Wie die Here Jesus is en wat Hy gedoen het en nog doen.
- Wanneer God sy kinders tot geloof bring, voel en dink hulle prinsipiëel soos God van hulle verwag. Hulle gevoel en denke word geslyp deur God se openbaring. Helaas, moet die kinders van die Here hulle lewe lank hier op aarde stry teen verkeerde en sondige gevoelens en denke.

4. Skrifbeskouing

4.1. Vandag

- In 2001 daag prof. Pieter Verhoef die Algemene Sinode en die Kuratoria van die NGK om standpunt oor die Skrif in te neem, deur óf alle leringe daarteen te verwerp, óf deur die belydenis dat die Bybel die enige Woord van God is, te verwerp (vgl. PJ Pelser 2005: *NG Kerk: Reformeer of...Disintegreer?*,p.183). (Dit was 'n tydige woord, maar het ongelukkig nie die deformatiese neiging gestuit nie.)
- 'n Gewaardeerde en geliefde teoloog soos prof. Willie Jonker neem 'n soepel standpunt oor die geag van die Skrif in, wat andere ná hom net logies verder getrek het en so die valse standpunt van Jonker eintlik aantoon. Jonker sê dat die gesag van die Bybel nie geleë is in wat die Bybel oor natuurkundige en historiese feite bied nie, maar dat die Skrif se gesag net betrekking het op die doel van die Skrif, naamlik om ons te leer wie God is (*Kerkbode* Nov./Des. 1996). Wanneer dit 'n mens se standpunt is, kan jy strepe trek deur die Bybelse openbaring rakende die skepping, die sondeval, die uittoeg uit Egipte, die wonderdade van God, ens.
- Prof. Piet Strauss skryf in die *Kerkbode*, 17.3.2002: *(’n) Belangrike besluit vir reformasie in die NG Kerk volg dikwels eerder op ’n meerderheidstem wat strategies op ’n vergadering beding is, as op ’n konsensus oor gereformeerde grondoortuigings...In die NG Kerk sit ons in baie gevalle met geestelik malende skape sonder gereformeerde identiteit of tug wat deur die oorlaaide, moedelose en dikwels visielose herder gepaai, gedryf en georganiseer word....*
- Dit gaan oor die “**Nuwe Reformasie**”, veral in Suid-Afrika, oor Afrikaanse teoloë, nogal sogenaamde “Gereformeerdes”. *Reformasie*, wat “her-vorm” beteken, is tog: Terug na die Skrif. Terug na die vyf *solas*. Maar dis nie wat hulle doen nie. Daarom moet ons hulle beskryf as die Nuwe *Deformasie*.
- Hulle keer nie terug na die Skrif nie. Hulle roep jou op: Weg van die Skrif!
- Die Bybel is 'n probleem vir die Christendom. Wat is waarheid? Nie dit wat in die Bybel staan nie, nie 'n lys stellings of 'n reeks belydenisse nie, maar iets wat in verhoudings voorkom. Wanneer 'n Christen homself teenoor die Historiese Kritiek stel, staan hy skuldig aan selfregverdiging en vooroordeel. (Die mens bepaal dus wat waarheid is en nie die Skrif nie.)
- Die Bybel is nie die Woord van God nie, maar woorde óór God. In hierdie vertrekpunt kom die kontekstuele teologie na vore: Nie die bedoeling van die Bybelskrywer gee die deurslag nie, maar wel die bewuste ideologiese benadering van die Bybelleser. In die verklaring van 'n teksgedeelte word met 'n relativistiese benadering gewerk.
- Julyan Muller: Ten einde eenheid te bevorder, het die apostels na (die Here) Jesus (hulle sal net praat van “Jesus”) se dood die legende oor (die Here) Jesus versprei. Voordat hulle as sendelinge na verskillende dele van die wêreld vertrek het, het hulle bymekaar gekom om te besluit presies wat hulle

gaan verkondig en dit in die Geloofsbelydenis vervat. (RM: Wat in die Nuwe Testament staan, is dus deur bedrog saamgestel, bekook.)

- Die navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat die vier evangelies sowel outentieke woorde van Jesus bevat as ander wat hy hoegenaamd nie kon gesê het nie. Die afleiding is dat die evangelies Jesus se uitsprake so herskryf het om te beantwoord aan die behoeftes van die Christelike gemeentes (Julyan Muller).
- Kuitert (20ste eeu) leer dat daar nie sprake van doelbewuste openbaring deur God is nie. 'n Mens mag leerstellinge aanhang, maar niemand mag gedwing word om dieselfde leerstellinge te glo nie. Die Christelike leer is niks anders as 'n geloofstradisie van benede nie. As persoonlike ervaring nie die geloof bevestig nie, verdwyn die geloof. Aangesien Kuitert wel nog op bepaalde punte die Gereformeerde leer handhaaf, tipeer Hoek hom as 'n "vrysinnig-Gereformeerde" teoloog (RM: 'n *contradictio in terminus*) (*Gelooven de twijfel te boven*: 271).
- Na Kuitert het Den Heyer gekom en Kuitert se sieninge verder gepropageer.
- So is die geskiedenis van Jona 'n mite. Al wat dit wil sê, is: God kan die onmoontlike doen. (RM: Merkwaardig! Jona se geskiedenis wil maar net sê dat God die onmoontlike kan doen, sê hulle. Nou *doen* God inderdaad die onmoontlike, deur Jona te red deur 'n vis wat hom insluk. Maar nou wil verwerp hulle dit omdat dit onmoontlik is!)
- Die aansprake dat die ortodokse verstaan van die Skrif die enigste moontlike verwoording van die kernwaarhede van die evangelie of die christelike (RM: let op hulle kleinletter) tradisie verteenwoordig, word verwerp. Dit verteenwoordig slegs 'n tydgebonde, menslike verwoording daarvan en dit moet soos alle ander verwoordings getoets word aan die etiese en morele implikasies daarvan en of dit hoegenaamd nog die leefwêreld van moderne mense in ag neem (Craffert).
- Die Nuwe Hervorming is inderdaad gekant teen sekere verwoordings en standpunte soos tradisioneel vervat in die ortodoksie. Hier kan gedink word aan die posisie van vroue, sieninge oor skrifgesag en bybelgebruik (RM: let op die kleinletters wat Craffert gebruik) en aansprake soos die hel en 'n eindoordeel wat wag op die buitestaanders. Van die diskoerse is onderdrukkend, vernederend en sommiges is selfs sosiaal-polities gevaarlik - hulle skep ruimte vir onverdraagsaamheid en vooroordele (Craffert).
- Japie Grobler skryf: Op Saterdag 18 Mei 2002 was 'n werkswinkel by RAU aangebied deur verskeie geleerdes (Dr Piet Muller, Proff. Hansie Wolmarans, Sakkie Spangenberg, Pieter Craffert en Pieter Botha). Grobler kom tot die gevolgtrekking: Hulle benader die Bybel vanuit buite-Bybelse bronne en lg. het meer gesag as die Bybel self. Die Jesus-seminaar is nog nie hulle bedoeling nie, maar hulle is bedmaats!
- Japie Grobler skryf: In 'n artikel, *Die dood 'wek afsku' Nuwe Hervorming ry op ou donkies*", oor hierdie onderwerp wat in die Kaapse koerant, *Die Burger*, van 3 Maart word geleer: "God moet uit", en ook die skepping, erfsonde,

maagdelike geboorte, al die wonderwerke, bese magte, betekenis van die kruis, opstanding, wederkoms van Christus, gebed en algemeen geldige etiese norme.

- Daar skuil selfs gevaar in sekere Bybelvertalings, naamlik wanneer “Christus uitvertaal word”, en wanneer daar in “Inleidings” tot die Bybelboeke bepaalde on-Skriftuurlike standpunte gehuldig word (soos die propagering van die Evolusionisme; die subtiele verdediging van die Skrifkritiek). Ook in die kommentaar by Skrifgedeeltes in 'n verklarende vertaling. Hierdie afwykinge sal juis die Nuwe Deformasie sterk.
- Oor ons Belydenisskrifte:
 - Hulle sê: Ons wil nie 'n dwingende sisteem hê nie. Almal hoef nie dieselfde te glo nie.
 - Kyk die ongelooflike stelling: As jy belydenisskrifte handhaaf, as jy daarop staan dat almal dieselfde moet glo, dan is jy juis nie Gereformeerd nie (!).
 - Hulle sê: Die postmodernisme het ons van die Dogma (die Belydenisskrifte) bevry. Ons is bevry van konsepte oor die opstanding van Christus, uit die kluisters van die Dogma. (RM: Dis 'n ou truuk om iets wat waar is te verteken, verdag te maak onder die skyn van die waarheid terwyl jy die leuen dien.) Hansie Wolmarans sê: Geen leerstellige voorwaardes word vir deelname gestel nie. Ons vereis wel respek vir andersdenkendes, en 'n logiese benadering tot debatvoering.
- Uiteindelik kom al hierdie Godslasterlike dinge op die mense se Skrifbeskouing neer. Vir hulle is die Bybel nie die Woord van God nie, maar bloot hoe mense oor God gedink het. Verder leer hulle dat die Bybelskrywers óf iets anders bedoel het, óf doelbewus wanvoorstellings gemaak het.
- Die verwerping van Jes. 53 as profesie wat ten diepste op die Here Jesus slaan (kyk maar net al die verwysings na die Nuwe Testament in die Bybel met naslaankolom), is die opening van die deur na Skrifkritiek. Hierby kom die verwydering van die hoofletters (Hy, Hom, Seun en ander) in die Ou Testament waar die woorde op die Here Jesus slaan. 'n Oop skrefie gaan die wyd-ope deur vooraf.
- Prof. Flip Theron beweer dat die Bybel, wat historiese sake betref, nie as betroubaar kwalifiseer nie (*Algemene Sinode se Verslag oor Skrifgesag, 2002*).
- By die Teologiese Fakulteit Pretoria, word in 2002 aan die studente onder meer gesê dat die Fakulteit niks met die studente se geestelike lewens te doen het nie, maar net met hulle akademiese vorming en dat die stories van Abraham en ander in die Ou Testament fiksie is en nooit regtig gebeur het nie (vgl. PJ Pelser 2005: *NG Kerk: Reformeer of...Disintegreer?*,p.181).
- Pieter J Pelser sit in sy boek *NG Kerk: Reformeer of...disintegreer?* op p. 160-182 die bydraes van 'n hele aantal Suid-Afrikaanse teoloë tot die opkoms van die Nuwe Deformasie uiteen. Om die twee van die prominentstes te noem: Sakkie Spangenberg en Ben du Toit

4.2. Gister

- Die Gnostiek het die Ou Testament verwerp.
- Een van die filosofiese denkrigtings wat ook die kerk binnegedring het, is die Rasionalisme. Hiervolgens kan die mens se rede sonder enige hulp die absolute en objektiewe waarheid vind. Alhoewel die term “rasionalisme” eers in die 17de eeu ontstaan het, lê die wese daarvan in die mens sedert die sondeval. Dis wesenlik deel van die denke van elke atëis; die Sociniane is hierdeur gekenmerk. Daar word onder “Christene” byvoorbeeld geredeneer dat geloof deel is van die rede. Rede staan selfs bo waarneming. Die oordeel oor sedelikheid is ondergeskik aan die rede – vandaar dat standpunte en dade wat deur die Bybel as sonde gestempel word, deur rasionaliste geregverdig kan word deur die sonde goed te praat. In die teologie moet alle “openbaring” en gesag aan die toets van die rede onderwerp word (dan kom mens uit by natuurteologie). Dit is ook die klem by die Verligting (Aufklärung).
- Veral sedert die 17de eeu het die begrip “toleransie” prominensie begin kry. Dit hou in dat ander standpunte as die eie verdra moet word en selfs in jou standpunt geakkommodeer moet word. Die *saak* is egter baie ouer as die 17de eeu. Dit speel by die oorkoepelende standpunte van die Nuwe Deformasie ’n belangrike rol.
- Dit was ook in die 17de eeu dat die Aufklärung (Verligting) prominent was. Dit het uit die Humanisme ontwikkel. Die mens het hom losgemaak van die Skrif en die kerk, omdat die rede die deurslag moet gee. Nou het die mens “mondig” geword. Die rede is ’n gemeenskaplike kwaliteit van alle mense.
- In die 19de eeu het die Modernisme na vore getree. In die VSA en elders is dit Liberalisme genoem, maar in Nederland is die benadering spesifiek as Modernisme gestempel. Hiervolgens moet afgereken word met alles wat bonatuurlik is; die gesag van die Skrif word misken; Christus se Godheid, wonders en opstanding word geloën.
- In die Postmodernisme (20ste eeu) word die aksent so gelê dat elke mens reg het op sy siening en dat niemand se oortuiging op ’n ander afgedwing mag word nie. Daar is dus geen objektiewe en eksklusiewe waarheid nie.
- Gedeeltes in die Nuwe Testament wat lyne tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament toon, moet uit die Nuwe Testament verwyder word. Die God van die Nuwe Testament is ’n vreemde God en het niks te make met die God van die Ou Testament nie. Sodanige uitsprake is Joodse (en daarmee ook apostoliese) invoegings in die NT. Paulus se onderskeiding tussen wet en evangelie brei Montanus uit tot ’n antitese tussen die Ou Testament (wat Montanus ernstig bestry het) en die nuwe verbond, tussen ’n God van wraak en ’n God van liefde.
- Marcion (2de eeu) verwerp die OT. Verder het hy alles wat in die Nuwe Testament op die Ou Testament wys, geskrap en so die Nuwe Testament verklein.
- Die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) stel tradisie gelyk aan die Heilige Skrif en handhaaf daarmee nie die Reformatoriese *Sola Sacra Scriptura* nie.

- Uit die Historiese Kritiese denke (19de eeu) kom onder meer die volgende:
 - Die Boeke van Moses is eeue na die skryf daarvan deur 'n redakteur uit verskillende bronne saamgestel (terwyl daar nie bewyse vir die stelling bestaan nie).
 - Hierdie teorie berus op Julius Wellhausen se siening dat die gebruik van die Naam Elohim in sekere gedeeltes van daardie Boeke en dan die gebruik van die Naam Jahwe in ander gedeeltes (die sogenaamde “bronnensplitsing”), noodwendig op verskillende bronne moet wys. Die gedagte het al hoe vêrder uitgebrei totdat daar talle ander subbronne veronderstel is (J1, J2, ens.; E1, E2, ens.).
 - Omdat daar soveel kultiese wette in die Boeke wat deur Moses geskryf is, voorkom, sê die Historiese Kritiek dat daardie gebruike eers veel later gedateer moet word en dat dit deur iemand in Moses se Boeke gaan inskryf is. So is teenstrydige bronne in die Ou Testament saamgeflans. (Die gevolg van hierdie siening was dat talle gelowiges in hulle geloof gewankel het.)
 - Toe die Babiloniese skeppings- en sondvloedverhale opgegrawe is, het die Kritiek sommer tot die gevolgtrekking gekom dat die Bybelse weergawes van die twee gebeurtenisse maar net variasies van die Oosterse verhale is. (Ons glo dat die gebeure deur eeue heen mondeling oorgelewer is, maar dat die feite in die ry van heidenvolke algaande verdraai is. God het egter die ware feite aan die Bybelskrywer geopenbaar.)
 - Dieselfde verdraaiing is met die Nuwe Testament gedoen: Daar sou net een oer-bron wees wat in Markus beslag gekry het, maar naas hierdie oer-bron het ook 'n Q-bron ontstaan en uit laasgenoemde het die ander drie Evangeliebeskrywings tot stand gekom.
 - Al hierdie sieninge kom vanuit 'n kritiese ingesteldheid teen die Woord van God.
- Oor die Nuwe Testament word ook beweer dat die Here Jesus bepaalde woorde uitgespreek het; dat mense toe oor sy woorde gemediteer het en in die proses baie verander en bygevoeg is. Dit is die Vormgeskiedenis. Dis hoe die “gemeenteteologie” dan sou ontstaan het. Nou moet wetenskaplikes vandag terugdelf om te probeer vasstel wat die Here Jesus *eintlik* gesê het. (Mens kan net dink hoeveel standpunte en selfs teenstrydige standpunte, op die wyse gevorm kan word!)
- Die Kritiek beweer ook dat die Ou en die Nuwe Testament in stryd is met mekaar. Daar sou dan nie in Abraham se tyd iets soos verbonde bestaan het nie. Dit is iets wat 'n latere skrywer in die Ou Testament gaan inskryf het. (Intussen is deur opgrawings vasgestel dat daar wel in Abraham se tyd politieke verdrae as verbonde gesluit is! Opgrawings moes nie vir die gelowige nodig gewees het voordat hy tot geloof kan kom nie. Opgrawings se waarde lê daarin dat so bevestig word wat die Woord ons reeds leer, maar die geloof moenie vertrek van bewyse deur opgrawings nie. Ons behoort te glo bloot net weens die feit dat *die Woord van God ons die dinge leer.*)

- Die Kritiek beweert dat Johannes terme by die Gnostiek geleer het. (Opgrawings toon dat die Gnostiek terme by Johannes gaan leer het!) Die Kritiek stel ook dat argeologiese feite sekere stellings in Paulus se briewe weerspreek. (Opgrawings het egter aangetoon dat Paulus se stellings volkome korrek was.)
- In die 19de en 20ste eeue het sekere teoloë beweert dat die Ou Testament net vir die Jode geld en nie ook vir Christene nie. [Maar die Here Jesus en die Apostels het self die Ou Testament as Woord van God gehandhaaf. Christus is die voleinding van die Wet (Rom. 10:4). Moses het van die Een wat sou kom, geskryf (Joh. 5:46). Die Here Jesus lê aan die Emmaüsgangers uit hoe die Ou Testament op Hom betrekking het (Lk. 24:27). In die Nuwe Testament word op talle plekke uit die Ou Testament aangehaal – byna uit elke Ou Testamentiese Boek! Besonderlik uit Jesaja en die Psalms.]
- In SA het prof. J du Plessis onder meer geleer dat die Skrif nie in al sy dele onfeilbaar is nie; dat Christus se Godheid afgelê het met sy menswording; dat God nie plante, diere en mense gemaak het nie, maar dat hulle uit die aarde voortgekom het; dat Gen. 1 en 2 aan twee Babiloniese skeppingsverhale ontleen is; dat die teorie oor die bronnensplitsing korrek is (PJ pelsers:161-162).

4.3. Korrektief uit die Woord

- **Hantering van God se mondelinge openbaring**

God het Homself aanvanklik mondeling geopenbaar. Die opskrifstelling daarvan het later gekom. So openbaar Christus sy goddelike sending in Joh. 8:12-59. Hy moes egter uitroep: *Waarom ken julle nie my spraak nie?... Julle het die duiwel as vader en die begeertes van julle vader wil julle doen* (verse 43,44).

Die ongeloof in wat God openbaar, wissel van bevraagtekening tot totale verwerping. Dit was nie net van toepassing sedert God se openbaring op skrif begin stel is nie. God se openbaring is nie eerbiedig nie, maar aangeveg en verwerp, ook toe Hy dit Persoonlik en mondelings gegee het. Enkele grepe in hierdie verband:

- Dit kom so vroeg na vore as in Gen. 1. God openbaar dat dit Hy is wat hemel en aarde gemaak het; dat Hy die mens na sy (God se) beeld geskep het – maar in Gen. 3 verderf die mens daardie beeld van God in homself; in Gen. 6 word reeds “gerapporteer” dat al die versinsels wat die mens in sy hart bedink altyddeur net sleg was. Die mens wat geskape was om hemelse heerlijkheid in sy gemeenskap met God te ervaar, veroorsaak smart in God se hart. Adam gryp nie terug na wat God aan Hom geopenbaar het nie. Daarom kon hy nie die innigste gemeenskap met God handhaaf nie. Wanneer God se openbaring geminag of verwerp word, kom die ongeloof, die afstand, die eiewilligheid, die selfvernietiging.

Daarom dat die mens nie dit bedink wat God mondeling geopenbaar het nie, maar liever die versinsels van sy eie hart bedink.

- God openbaar dat Hy voorskrifte vir die mens stel en wat dit behels: onder meer dat daar nie van die verbode vrug geëet mag word nie. Sou hulle oortree, sal hulle sekerlik sterwe. Maar Adam en Eva leen hulle ore uit vir die verdagmaking deur die duiwel: Julle sal nie sterwe nie, maar julle sal soos God wees. En die mens kies op grond van sy gevoelens en rede – met verskriklike gevolge vir alle eeue tot by die finale oordeelsdag (en vir die verlorenes tot in ewigheid).
- In Abraham se tyd reeds het die mense God se mondelinge verordeninge vergeet en leef hulle as heidene. God moes een van Tera se seuns roep en so die geloofslyn weer lewend maak.

- **God se openbaring op skrif (die Ou Testament)**

'n Groot draaipunt kom by die roeping van Moses. Daar maak God Homself (steeds mondelings) bekend as *EK IS WAT EK IS* (Ex. 2:14). Hy openbaar sy almag in die Tien Plae in Egipte en sy wonderdadige redding uit die slawehuis. Daarna volg omvattende bevels, verordeninge, wette wat God in die 40 jaar voor die intog in die beloofde land gee. Nou het 'n magtige bestek van God se totale wil bekend geword. Dit raak die beskikking van God, die mens se aanbidding van die enige God, en sy handel op vele terreine van sy lewe.

Voordat Israel sy eie land uit die Hand van die Here in besit neem, het Moses God se wil sover Hy dit op daardie stadium reeds bekendgemaak het, onder inspirasie van die Heilige Gees op skrif gestel. Nou het dit onverskoonbaar geword dat lede van God se volk sou sê: *Deur die mondelinge oordrag het God se wil vir ons onbekend geraak*. God se geopenbaarde wil is nou op skrif en is in die eeue daarna aangevul totdat ons alles wat in die Ou Testament vervat is, ter hand het.

In die herhaalde oortreding van dit wat God beveel het, kom die mens se eiewilligheid na vore. Die mens is sedert die sondeval eenvoudig 'n wese wat homself verhef tot regter oor alles. Oor en oor moes die Here by monde van profete die volk vermaan en straf omdat hulle na Hom nie luister nie.

Dit is die wese van die mens se Skrifbeskouing: Al sou die Skrif van God af kom, *ek* besluit wat *ek* daarvoor *voel* en wat *ek* daarmee sal *maak*. Dis deel van die rede waarom konings en Israel self ook versuim het om nie die enige "EK IS" alleen te dien nie, maar tegelyk agter vreemde afgode wou aanloop. God was nie altyd vir hulle die Onvergelyklike nie (kyk bv. Jes. 46:5). Hy moes hulle vermaan met woorde soos "buiten My is daar geen God nie" (Jes. 44:6; 45:21) en "Is daar 'n God buiten My? ...Ek ken geeneen nie" (Jes. 44:8). Hoe ontroerend skets Esegïel die volk se afvalligheid in Eseg. 16! Deur Hosea moet die Here van sy

volk praat as “Lo-Ammi”. Strafrede na strafrede volg in die Boek van Amos. God kondig sy oordeel oor Samaria en Jerusalem aan in Miga en Sefanja. Deur naggestigte vermaan die Here deur die profet Sagaria.

So kan talle en talle voorbeelde uit die Ou Testament aangetoon word waar die Here nie gehoorsaam is nie *ten spyte van sy skriftelike openbaring van Homself as enige en almagtige God.*

Of die lede van God se volk die wordende openbaring van God op skrif aanvaar het as komende van Hom, of nie, dis 'n aaklige werklikheid dat daar so dikwels nie voor God se openbaring gebuig is nie. Allerlei beskouinge wat van God se openbaring afgewyk het, is oor en oor nagevolg [bv. die aanhang van 'n veelgodendom; dat God se bevel nie letterlik nagevolg hoef te word nie (dink aan die vervoer van die ark op 'n wa); dat vertrou op God mank was deur kleingeloof en ongeloof; dat onverskillig oor God se bevel oor die onderhouding van die Sabbat opgetree is (hoeveel kere kom vermaninge nie daarvoor in die Ou Testament voor nie?); dat die stem van profete verag is; dat sommige profete hulle nie by God se openbaring gehou het nie; ens.)

- **God se openbaring op skrif (Nuwe Testament)**

Dieselfde patroon volg op God se openbaring in die Nuwe Testament: Dit is deur baie verwerp, nie net toe die openbaringe plaasgevind het deur mondelinge verkondiginge deur die Here Jesus Self en deur sy apostels nie, maar ook toe daardie openbaringe neerslag op skrif in die skrywe van wat ons vandag as die Nuwe Testament besit, gevind het.

Ten grondslag hiervan lê maar weer die eewilligheid van die mens, sy ongeloof, kleingeloof, sy (miskien) onbewuste handhawing van sy *gevoel* en sy *rede* as laaste en finale maatstaf vir wat hy sal glo of nie en vir wat hy sal doen of nie. Van hierdie troon klim die mens uit eie krag nooit af nie! Hy laat hom nie gesê nie.

Die Here Jesus moes oor mense wat bonatuurlike verskynings wil hê, sê: *Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister...As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand uit die dode opstaan* (Lk. 16:29,31).

Daar kan hier ook verwys word na die bekende uitsprake in 2 Tim. 3:16,17 en in 2 Petr. 1:18-21.

Verder is 1 Kor. 15:4 ook van deurslaggewende belang: *...dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte.*

5. God

5.1. Vandag

- Adrio König verdedig in 'n stadium die siening dat God nie in beheer van die skepping is nie. Hy gaan egter nie saam met die Nuwe Deformasie nie, want as hy die standpunt van die Nuwe Deformasie oor *Die kruis en opstanding van Jesus* bespreek, sê hy onder meer: “Maak dit dan soveel saak as ek nie sy (God se) eis kan begryp nie? Nee, dit laat sy genade net soveel helderder skitter. Daar is nog baie ander dinge in die Bybel wat ons nie maklik kan verstaan of aanvaar nie, maar is dit redes om dit te verwerp of juis soveel meer rede om te glo en te aanvaar dat ons 'n wonderlike lewende en persoonlike God aanbid.
- Vanuit Nuwe Deformasiekring word geleer:
 - Ons handhaaf die pan-enteïsme. Nie panteïsme nie. Panteïsme beteken dat alles God is. Die grond, bome, berge, alles is God. Dis nie wat hulle glo nie. Hulle glo dat God in alles is en alles is in God.
 - Met ander woorde: Ons moet vandag God só sien, soos in die Oosterse en heidense wêreld.
 - Hoor net hoe godslasterlik: As God sy Seun vir ons laat sterf, kan ons die Seun daarvoor liefhê, maar tegelyk moet ons só 'n Vader haat. Wat die Vader met die Seun gedoen het, is die uiterste vorm van kindermishandeling.
 - Hoor hoe vermetel: As God 'n vrou was, sou dit anders verloop het.
 - Geen ma sal aan haar kind doen wat God aan sy Seun gedoen het nie.
 - Daar is nie so iets dat daar 'n God is wat alles geskep het nie. Dit het vanself uit bestaande materie ontwikkel: die evolusionisme.
 - Miskien is daar 'n God, maar Hy kan nie geken word nie, omdat Hy nie met die wêreld enige kontak het nie (vergelyk die Agnostisisme van Huxley en Spencer).
 - Die God van die Ou Testament is die Onkenbare. Hy bestaan dus, maar het Hom nie aan die mens in die Ou Testament geopenbaar nie.
 - In die Nuwe Testament het God die Kenbare geword, naamlik in Christus.
 - Daar is nie so iemand of iets as God nie.
- Drie-eenheid – Omdat so baie godsdienste gode bely, is die waarskynlikheid dat daar 'n God is, groter as dat daar nie 'n God is nie (Kuitert volgens Hoek). Christene het hulle eie God gefabriseer. Alle godsdienste wat 'n God handhaaf wat persoon-agtig, onsienlik, onbegryplik en ewig is, beantwoord aan die vereistes wat Kuitert stel vir die bestaan van 'n god. Die mens weet nie genoeg van God om te sê dat hy die ware God aanbid nie. Christene perfeksioneer hulle eie tradisie aangaande God.

- Die Rooms Katolieke Kerk weier om te volstaan met God se openbaring van Homself. Nee, daar moet “Godsbewyse” wees. So het Thomas Aquinas vyf “bewyse” gepostuleer. Ook die Skolastiek het maatstawwe vir God om God te wees neergelê. Die mens bepaal dus wie en hoedanig God moet wees. Dis maar ’n graadverskil om te sê: Die mens bepaal of daar ’n god is.
- In die Neo-Protestantisme is daar (goed bedoelde) “bewyse” vir God se bestaan aangevoer:
 - Geloof mag nie met die rede bots nie (die Aufklärung).
 - Die mens se gevoel bring hom by God uit (dis ’n bewys dat God is) – Schleiermacher.
 - Omdat die mens ’n gewete het, lei dit tot die oortuiging dat God bestaan – Kant. Die mens se sedelikheid, is ’n morele bewys vir God se bestaan. Omdat die mens ’n heimlike wete van God het, ’n intuïsie, bestaan God wel.
 - Daar bestaan ’n korrelasie tussen die vrae van die mens en die antwoorde van die geloof – daarom moet daar ’n God wees, aldus Tillich.
 - Wanneer geloof deur sinvolheid bevestig word, word die bestaan van God geverifieer (Pannenberg).
 - Ateïsme is te eenvoudig. Die feit dat mense worstel oor God, bevestig juis dat God bestaan - Hughes.
 - God is wat sy Wese betref vir ons onkenbaar; dis iets van ’n *Deus absconditus*. Maar ons ken Hom wel omdat Hy in ’n verhouding met ons staan (De Gruchy).

Al hierdie “bewyse” gaan uit van iets in die mens of van sy ervaring van God. Geeneen van hulle is objektief nie.

5.2. Gister

- In die geskiedenis is die Gnostiek uitvoerig weerlê en beklemtoon dat God die Skepper is.
- Gnostisisme: God is die onkenbare, maar Hy openbaar Hom in Christus.
- Anselmus (11de eeu), die vader van die Skolastiek, het met sy ontologiese “bewys” dat God bestaan, tipies met die metode van die Rasionalisme (eksponente: Descartes, Spinoza, Leibniz) opgetree. God word deur die rede “bewys”. Die rede staan teenoor openbaring en gesag van ’n hoër aard buite die mens om.
- Lock (17de eeu: Empirisme) het geleer dat die Christelike geloof konform met die rede moet wees; dit moet so ervaar word.
- Hume (18de eeu: Neo-Positivisme) was ’n voorstander van die denke dat alle kennis wat bo die ervaring uitgaan, geen kennis is nie. Godsdienst het volgens hom ontstaan uit die mens se vrees vir toekomstige rampe en teëspoed; op

grond van hierdie vrees het die mens vir hom gode uitgedink. Wonders kon nie gebeur het nie, want dit behels ontkenning van natuurwette.

- Immanuel Kant (18de eeu) het geredeneer dat die belangrikste nie die “wat” van iets is nie, maar die vraag hoe van daardie iets kennis verkry kan word. Hierdie uitgangspunt pas hy toe op die godsdiens deur godsdiens as deel van die mens se sedelikheid te verklaar. So staan sedelikheid bo openbaring. Hy verwerp genade en die wonder en word so die voorloper vir talle vrysinnige teologieë. Hy probeer om rasionalisme (rede) en empirisme (ervaring) te versoen. Die verkryging van kennis mag nooit die ervaring te bowe gaan nie.
- Die Rasionalisme hou geen rekening daarmee dat die mens se verstand verduister is nie.
- Die begrip “idealisme” word in verskillende verbande gebruik, maar in godsdienstige sin verteenwoordig dit menslike selfvergoding (’n intense vorm van Humanisme). Daar is ’n god, maar nie ’n God wat Homself openbaar nie. God is die “Al-Gees”. Die mens is nie ’n skepsel van God nie, maar deel van God. Hierdie siening maak ruimte vir die gode van alle godsdienste, behalwe waar daar ’n beroep op openbaring deur God Self is.
- Alhoewel die Realisme teenoor die Idealisme staan, kom hulle in ’n bepaalde opsig by mekaar uit. Die Realisme hou net rekening met wat regtig is, maar voeg by dat alles wat buite die mens se rede kenbaar is, onkenbaar bly. Die God van die Bybel kan nie geken word nie.
- Daar is ook nog die Modaliteitsleer (3de eeu) waarvolgens die Drie-eenheid verwerp word. Dan word só geleer: Wanneer daar van God sprake is, is daar nie ’n Seun en nie ’n Heilige Gees nie; as die Bybel van die Seun praat, is daar nie ’n God en ’n Heilige Gees nie; sou die Gees genoem word, is daar nie ’n God of ’n Seun nie. Waarom nie? Omdat God Een is en Homself nou as God (Vader) openbaar, dan as Seun, en dan as Heilige Gees.

5.3. Korrektief uit die Woord

- God “bewys” Homself nie in die Bybel nie. Hy proklameer daarin dat Hy die enigste, ewige God is. Dit is van Gen. 1 af die vertrekpunt, die uitgangspunt.
- Die dwaas sê in sy hart daar is geen God nie (Ps. 14:1; 53:2).
- Jes. 43:6 – *Ek is die Eerste en Ek is die Laaste en buiten my is daar geen God nie.*
- Jes. 43:8 – *Is daar ’n God buiten My?...Ek ken geeneen nie.* Kyk ook Jes. 46:5, 9.
- 1 Kor. 8:4,6 – *ons weet dat ’n afgod niks in die wêreld is nie en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een...tog is daar vir ons maar een God....*
- Kyk verder onder meer Jes. 40:12-14; 45:5; 1 Kron. 16:26; 2 Kon. 19:15; Ps. 86:8,10; Eseg. 6:7,13,14; 7:4,9,27; 11:10,12; 12:15,20; 24:24,27; 25:5,7.
- Oor die Here Jesus: Joh. 5:39 – *Julle ondersoek die Skrifte...en dis dié wat van My getuig*; Heb. 13:8; Openb. 1:17; 2:8; 22:13 in die lig van Jes. 48:12.

- 1 Tim. 1:15 – *Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.*
- Oor die Heilige Gees: Hand. 5:3,4 – *Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg....Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.*
- Oor die Drie-eenheid van God: Gen. 1:26,27; 3:22; 5:21; Mt. 3:16; 28:19; Lk. 1:35; 2 Kor. 13:13; Joh. 1:1; Gen. 1:1-3
- Teen die Modalisme: Hoe kon daar nie 'n Vader en 'n Heilige Gees wees nie, toe die Here Jesus gedoop is en die stem van die Vader uit die hemel gekom het en die Gees soos 'n duif neergedaal het (Mt. 3:16,17)? Of: Hoe kan daar nie 'n Vader wees nie, as die Seun in gebed met die Vader praat (Joh. 17)? Of: Waarom word gedoop (Mt. 28:19) en geseën (1 Kor. 13:13) in die Naam van die drie Persone?

6. Die geskape werklikheid

6.1. Vandag

- Die leer van die Evolusionisme word wyd oor die wêreld aangehang en as wetenskaplik-bewese waarheid beskou. Volgens hierdie teorie het organismes tot stand gekom as gevolg van willekeurige mutasie en natuurlike seleksie.
- Wanneer iemand die Bybel verwerp as God se openbaring aan sy kinders, sal so 'n persoon uiteraard die skepping deur God loën. Dan soek hy na die mees aanvaarbare verklaring van die skepping (vergelyk punt 6.2).
- In die Postmodernisme word die staanplek ingeneem dat niks vasstaan nie; niks is afdwingbaar op ander nie.

6.2. Gister

- Gnostisisme – 2de eeu en later: Simon Magus leer dat die mens ontstaan het uit 'n val in die godheid self. Die wêreld is gemaak uit bese materie. God het nie geskep nie, maar 'n demiurg (mindere godheid) het.
- Irenaeus (2de eeu) het die Gnostiek uitvoerig weerlê en beklemtoon dat God die Skepper is.
- CR Darwin (19de eeu) het hom baie besig gehou met die ontstaan van die soorte organismes. Hy het die Evolusionisme verkondig. Alhoewel hy aanvanklik Teologie bestudeer het, was sy oortuigings rakende die Evolusionisme daarvoor verantwoordelik dat hy die Christelike geloof prysgegee het. Vir hom het die Ou testament op dieselfde vlak gelê as Hindoeëpublikasies. Hy het hom as 'n agnostikus beskryf: Daar mag wel 'n God wees, maar as dit die geval is, kan die mens geen kennis van die Godheid opdoen nie.

- In die begin van die 19de eeu het De Lamarck geleer dat God die Eerste oorsaak van alles was, maar dat die natuur daarna vanself ontwikkel het sonder enige verdere betrokkenheid van God (Deïstiese Evolusionisme).
- Huxley (19de eeu) kom daarna met die materialistiese Evolusionisme: Die natuur besit oor alle tye heen sy eie kragte en wette, wat nie geskape is nie, maar die oorsaak van alle verskynsels is. Die natuur het dus 'n skeppende outonomie. Niks en niemand het volgens 'n plan ontstaan nie, maar alles het toevallig gebeur.
- Die derde vorm van evolusionisme is die “teïstiese Evolusieteorie”. Hiervolgens gryp God op bepaalde oomblikke in in die natuurlike gang van sake. God se almag en beskikking word hiermee aangetas.
- Die creasionisme val uiteen in verskillende strominge:
 - God het alle soorte organismes ongeveer 7 000 jaar gelede volledig (kant en klaar) gemaak.
 - God het algaande deur die eeue ook nuwe organismes (kant en klaar) geskape.
 - God het toe Hy nuwe organismes gemaak het, dit wat nuut is, in bestaande materie gelê.
 - God het alles in die begin gemaak, maar nie kant en klaar nie. Hy het potensies in die geskapene gelê wat onder God se beheersing in die tyd verder ontwikkel het. Dit gebeur tot God se verheerliking.

6.3. Korrektief uit die Woord

Die leer van die Evolusionisme is so omvattend dat daar nie in hierdie referaat in besonderhede daarby stilgestaan kan word nie; ook nie op die Bybelse leer daaroor nie. Daar word volstaan met verwysing na die veelvuldige uitsprake in die Bybel dat God die hemel en die aarde geskape het (bv. Gen. 1 en 2); dat God die Skepper is (bv. Gen. 14:19,22; Job 36:3; Jes. 40:28,4; 43:1,15; Joh. 1:1-3; Rom. 1:25; Kol. 3:10; 1 Petr. 4:19); dat Hy alles geskape het (bv. Gen. 1:1,21,27; Deur. 4:32; Ps. 33:6; 89:12,47; 104:30; Jes. 41:20; Kol. 1:16; Openb. 4:11).

Wie die Bybel as Woord van God bely, weet dat Hy alles gemaak het.

Verder word hier verwys na die volgende publikasies:

- Mouton, HD 2007: *Skepping & Evolusie – onversoenbaar!* Mills Litho. S.I.
- Pelser, PJ 2002 : *Evolusie & die Bybel*. Bybeldenke Uitg.: Stellenbosch.
- Viljoen, EM 2010 : *Want in ses dae. Skepping óf evolusie. Preekbundel*. Lig inDuisternis: Hatfield.
- Viljoen, H 2012 : *Evolusie...Groep 7*: Sinoville.

7. Die Here Jesus Christus

7.1. Vandag

- **Oor (die Here) Jesus sê sommige deformiste**
 - Boeddha is net soveel God as Jesus – indien Jesus God was.
 - Jesus was 'n toordokter.
 - Elkeen van ons kan sy eie beeld van Jesus konstrueer.
 - Japie Grobler vertel: Tydens 'n werkswinkel van die deformiste het een leraar vertel hoedat hy nou hierdie “nuwe waarhede” aan sy katkisante leer. Grobler sê: Dit het 'n mens in die hart gegryp om te sien hoedat lidmate tydens hierdie werkswinkel voor jou oë van hulle geloof in die Jesus van die Bybel beroof word, en 'n “ander Jesus” aanvaar.

- **Oor die geboorte van (die Here) Jesus**
 - Hy is nie maagdelik gebore nie.
 - Godslasterlik word verklaar: Miskien was Hy 'n buite-egtelike kind van 'n Romeinse soldaat.
 - Sakkie Spangenberg: Die geboorteverhaal wat opgevoer word, vermeng nie net die gegewens van die evangelie van Matteus en Lukas nie, maar sommer ook 'n handvol kerklike dogmas. Dis in werklikheid 'n roereierverhaal wat opgevoer word. Dan word sulke mooi liedere gesing dat almal hulle verstand uit rat haal en meegevoer word. Ons vier sy geboorte egter met 'n ander doel. Dit gaan net oor die boodskap dat God vir mense omgee.

- **Oor die opstanding van (die Here) Jesus**
 - Sommige van die deformiste sê: Ek glo die opstanding, maar ek dink Jesus se liggaam is deur honde opgeëet.
 - Ander beweer: Sy liggaam het in die graf vergaan. Nog ander kom met: Sy liggaam is uit die graf verwyder.
 - Hulle stel in stryd met die Bybel: Iemand wat die opstanding verwerp, kan steeds 'n gelowige wees. Maar hoor wat sê God:

...en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak

word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.

- (1 Kor. 15:17 – 23)

- 'n Vroulike dominee en haar man wat ook 'n predikant is, bedank uit die bediening omdat hulle nie glo aan die maagdelike geboorte en die opstanding van Jesus nie.
- Die *Jesus Seminaar* het die gruwelikste dinge oor (die Here) Jesus kwytgeraak (Crossan en Funk). Hulle het die Nuwe Testament verwoes.
- Japie Grobler wys op die volgende standpunte van die Nuwe Deformasie: *Die betekenis van die kruisdood is afskuwelik, en sy opstanding beteken nie dat Hy opgestaan het nie....Dit is vir hulle weersinwekkend dat God sy Seun laat doodmaak om mense te vergewe.*

• Oor Christus

- Hy het nooit daarop aanspraak gemaak dat Hy God is nie. (RM: Matt 6:16 -18 leer anders.... Ook Joh. 20:28,29; 1 Kor. 12:3; en talle ander.)
- Hoor hierdie verwaandheid: Elke mens kan 'n Christus word. As jy so 'n hoë geestelike vlak as die mens Jesus bereik – want *God* was Hy nie - (wat moeilik is, maar wel moontlik) dan is jy ook 'n Christus. Jy kan Christus wel Christus noem, of net wat jy wil. Mohammed is ook 'n Christus. Jy kan ook een wees.
- Jy moet dus nie net na Christenskap streef nie, maar wel na *Christusskap*.
- Christus het net die gelaat van God, maar is nie Self God nie.
- Hy is nie die ewige Seun van God wat saam met God van ewigheid af God is nie.
- Hy is nie maagdelik gebore nie.
- Hy het geen enkele wonderwerk (wonderteken) gedoen nie.
- As die Bybel vertel van Jesus se maagdelike geboorte, kruisdood en opstanding, is dit mites. Dis oorgeneem uit ander godsdienste.

• Oor versoening deur Christus

- Die postmodernistiese mens het 'n afgryse daarin.
- Wie is die Christene om te waag om te sê dat die Christendom die enigste ware godsdiens is?
- Vir die Postmodernisme is niks vas en seker nie. Alles verander, is relatief. Almal het ewe veel reg op 'n eie opinie en almal se oortuigings moet respekteer word.
- Die ortodokse verstaan van die Skrif het geen of weinig erkenning van die sosiaal-politieke betekenis wat die evangelies in hul eie konteks gehad het (Craffert). Konkreet geformuleer, die evangelies vertel nie van 'n Jesus wat gekom het om jou van jou sondes te verlos nie, maar van hoe die wêreld sal

lyk as goddelike geregtigheid en beginsels op aarde toegepas word in plaas van dié van aardse heersers (Craffert).

- **Oor die wonders van (die Here) Jesus**

- Wat die Bybel oor wonders van Jesus vertel, is onwetenskaplike aansprake.
- (RM: Op die agtergrond hiervan lê die siening van die liberale Nederlandse “teoloog”, Kuitert, wat leer dat as iets vandag nie gebeur nie, dit destyds ook nie kon gebeur nie.)

- **Oor geloof**

- Die deformiste sê: Met hierdie standpunte van ons probeer ons nie om mense se geloof te ondergrawe nie. Ons wil hulle spiritualiteit verdiep.
- (RM: Hulle laat mens dink aan daardie paar lidmate in Thiatire wat gedink het hulle verstaan beter as die gewone lidmate; hulle is verhewe gelowiges; hulle het dan soveel dieper kennis as die ander; daarom kan hulle saam met die afgodsdienaars sonde doen, en glo dat die sonde hulle nie sal aantast nie. Daarvan sê die Here Jesus dat hulle diepe kennis die diepte van die satan is – Op. 2:24.)
- (RM: Dit gaan daarom dat hulle nie glo in die God van die Bybel nie, maar in die plaas daarvan aan ‘n blote medemenslikheid, blote humanisme. Hulle glo net wat met hulle verstand rym – daar is geen sprake van die geloof wat die bewys is van die dinge wat ons nie sien nie – Heb. 11:1. Waarom nog van geloof praat, as net aanvaar word wat gesien kan word?)
- (RM: Met skynvroom geleerde argumente probeer hulle mense wegtrek van die geloof in God.)

- **Oor ander sake**

- Samewerking in die WRK en die SARK bring mens in die sfeer van aanbidding van God en afgode. Desmond Tutu sê op die TV met veragting dat niemand kan glo dat (die Here) Jesus letterlik opgevaar het na die hemel nie.
- Daar word gesê dat ons nie vandag die woorde van die Here Jesus besit nie. Die Evangeliebeskrywings is elkeen ‘n interpretasie van (die Here) Jesus se woorde deur die skrywer van die Boek. Ons weet dus eintlik nie wat Hy geleer het nie. So is dit wat ons het, verwyderd van die Evangelie van (die Here) Jesus. Paulus se Briewe staan nog vêrder weg van wat (die Here) Jesus geleer het.
- Hansie Wolmarans: Ons debatteer oor vroeë rondom die leerstukke oor hel, hemel, sondeval, versoening, inkarnasie, opstanding en wederkoms; ook oor ‘n kritiese bespreking van die drie-verdieping wêreldbeeld en die soeke na ‘n positiewe verhouding met ander godsdienste.

- (In 'n skitterende getuienislewering deur prof. Graig en dr. Licona hier by UP 'n tyd gelede is voortreflik aangetoon dat die gedagtes van die Nuwe Deformasie nie opgaan nie. In 'n openbare debat van hulle twee met proff. Sakkie Spangenberg en Hansie Wolmarans het laasgenoemde naderhand nie meer antwoorde vir die ander twee teoloë gehad nie.)

7.2. Gister

- Christus was nie mens nie. Sommige gnostieke het 'n skynliggaam voorgestaan – vgl. die docetisme. Die gnostisisme het sterk neerslag in die Manicheïsme gevind.
- Christus was ook nie mens nie.
- Christus het nie versoening gebring nie.
- Die gnostisisme het sterk neerslag in die Manicheïsme gevind en in die derde eeu n.C. in die Ooste as die Manicheïsme ontwikkel.
- Sommige gnostieke het die Ou Testament verwerp. Irenaeus (2de eeu), biskop van Lyon, het die Gnostiek uitvoerig weerlê en beklemtoon dat Christus 'n ware menslike natuur aangeneem het. Tog het Irenaeus die regverdiging deur Christus en die erfsonde verwerp.
- Marcion (2de eeu) leer dat die Here Jesus 'n skynliggaam gehad het. Hy verskil van die gnostiek daarin dat hy nie leer dat daar 'n goddelike vonk in die mens is nie.
- Montanisme (2de eeu) – volgelingen van Montanus wat in 2de eeu gelewe het (te onderskei van Montanus van die 17de eeu) en die spoedige wederkoms van Christus sterk voorgestaan het.
- RKK verkondig redding deur geloof *en* werke en nie deur Christus alleen nie. Ook nie uit genade alleen nie.
- Die Vormgeskiedenis meet wyd uit oor die wondertekens van (die Here) Jesus. Dit word deurgaans verklaar uit die sogenaamde “gemeenteteologie”. (Die Here) Jesus het nie wonders gedoen nie. Dit is verhaaltjies wat die gelowiges gefabriseer het. Dis maar hoe hulle hul die dinge verbeel het. In die Ou Testament het mense dit wat die profete geleer het, “verwerk” – en net so het die Nuwe Testamentiese gemeente ook die woorde en dade van (die Here) Jesus “verwerk”. Sodoende het verskillende “teologieë” in die Nuwe Testament tot stand gekom: een van (die Here) Jesus, een van Lukas, een van Paulus, ens. Op hierdie wyse versnipper die Vormgeskiedenis die Nuwe Testament en stel alles op losse skroewe. Dan kan geen mens meer vertrou in die Bybel hê nie. Die kerke kan maar “toemaak”.
- In hierdie verband moet ook op die ontmitologisering van die Bybel gewys word. Die Skrif mag nie gelees word soos dit daar staan nie, omdat die Bybel vol mites is – net soos heidense godeverhale. Bultmann het hier die voortou geneem. Dis ook van hom af dat mense vandag so graag van 'n “uitgediende wêreldbeeld” praat. Die vroeë Christene het die wêreld se ontstaan en die geskiedenis in die lig van heidense mites gesien en verklaar, bv. dat daar 'n hemel is, dat daar engele bestaan, dat daar duiwels is, ens. Intussen, sê die volgelingen van Bultmann en ander, bestaan die dinge nie regtig nie. Ons moet ons van die wanpersepsies speen. Hierdie gedagtegang kom ook by die Nuwe Deformasie voor. Hulle beweer

dat die Bybel met die ou wêreldbeeld, wat heidens van oorsprong is, werk en daarom vals is. In die lig van ons moderne wetenskap en tegniek, kan ons nie meer in 'n geestelike wêreld glo nie, of selfs in God nie. Ons moet die wonderwerke van (die Here) Jesus verwerp omdat dit nie met ons verstand rym nie. Die res van die Bybel, wat nie 'n beroep op geloof aan die bonatuurlike dinge doen nie, kan maar geglo word.

- Die Kritiek leer dat die Ou en Nuwe Testament in stryd met mekaar is. Dan word geredeneer dat die Ou Testament aan ons 'n God van wraak verkondig, maar dat ons in die Nuwe Testament 'n liefdevolle, sagte (Here) Jesus aantref. [In die Ou Testament leer ons God as die liefdevolle Vader ken, en tegelyk as die God van wraak wanneer daar volhardende ongehoorsaamheid kom. Dus albei. Dieselfde geld die Nuwe Testament: Jesus is die barmhartige, die liefdevolle. Maar dieselfde Jesus sê vir die Fariseërs: “Wee julle, witgepleisterde grafte!” En dieselfde Jesus sal eendag vir die bokke (die wat verlore gaan weens hulle ongeloof) sê: “Gaan weg van My julle vervloektes!” Dus albei. Bowendien: Die Nuwe Testament leer in die bekendste teks ter wêreld: “So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het...” (Joh. 3:16).]
- (In sy voortreflike boek *Bewyse van die Christelike Geloof* – in Engels *New evidence that demands a Verdict* – lewer Josh McDowell getuienisse wat magtige verwerpe teen die ongeloof bevat. Dan besef mens weer dat geloof nie geleë is in wetenskaplike “bewyse” nie, maar daarin wat ons in Heb. 11:1 lees: *Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*)

7.3. Korrektief uit die Woord

- Die Here Jesus se bedoeling met sy wonders was nie dat teen die wonderwerk vasgekyk moes word nie, maar dat hulle as *wondertekens* gesien moes word. Die mense wat sy wondertekens aanskou het, moes tot die geloof kom dat Hy die Messias is, die Seun van God, Self God. Toe Hy die brode vermeerder het, moes Hy die volk wat agter Hom aangeloop het, verwyt dat hulle Hom volg ter wille van die aardse spys en nie as die Brood uit die hemel nie (Joh. 6:26,27) . Dis presies wat die Vormgeskiedenis doen. Daarteenoor stel die Here Jesus: *Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het* (vs. 29).
- In Gal. 1:8,9 en 12 leer die Woord van God ons dat Paulus *dit wat die Here Jesus aan hom geopenbaar het*, aan die gemeentes verkondig (en geskryf) het. Niemand anders, geen ander van die apostels, selfs nie 'n engel uit die hemel, mag iets in stryd daarmee leer nie. Wie dit sou doen, moet 'n vervloeking wees.
- Die Here Jesus het nie regtig opgestaan nie? Waarom sou Hy dan die Sadduseërs so aanvat omdat hulle die opstanding verwerp?
- As die opstanding en hemelvaart nie letterlik opgevat moet word nie, maar net as metafore, waarom word so uitvoerig in die Bybel oor Christus se opstanding gespreek? Waarom word *nêrens* enige aanduiding hoegenaamd in die Bybel gegee dat dit nie letterlik verstaan moet word nie?

- In 2 Kor. 11:4 betuig Paulus sy verbystering oor lidmate van die gemeente wat die valse leer oor die Here Jesus, deur valse apostels verkondig, glo.
- *As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense* (1 Kor. 15:19).
- Oor die menswording van die Seun van God is die Bybel eksplisiet: *Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris. Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang. Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie* (2 Joh. 1:7-10). (Die Deformiste hou nie daarvan as hierdie uitsprake teen hulle gebruik word nie, want hulle dring daarop aan dat hulle geakkommodeer moet word en dat niemand die reg het om hulle nie hul standpunt te gun nie, wat nog te sê om hulle siening te verdoem.)
- 1 Joh.2:22 spreek die Deformiste ernstig aan: *Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.*
- Die Christene en besonderlik ook die Gereformeerdes in SA is verbyster oor die weg wat sommige van hulle volksgenote en voormalige geloofsgenote ingeslaan het. Maar dit moet ons nie so verbaas nie. Sodanige afdwalings is voorspel: *Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy; want hulle sal al verder voortgaan in goddeloosheid, en hulle woord sal voortwoeker soos 'n kanker, onder wie daar Himenéüs en Filétus is, wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om* (2 Tim. 2:16-18). Die Deformiste stel weliswaar nie dat die opstanding al plaasgevind het nie, maar kom met ander dwalinge soos dat daar nie 'n opstanding sal wees nie.

8. Ten besluite

Die nuwe deformiste is ten spyte van verpletterende getuienisse teen hulle dwaalleer (vergelyk die openbare debat waarvan in punt 7.1 gewag gemaak is), baie oortuig van hul siening en dit laat mens dink aan die uitspraak in Hand. 19:9: waar berig word dat ondanks baie redenasies met die ongelowige Efesiërs en pogings om hulle te oortuig, hulle *verhard en ongehoorsaam* was en kwaadgespreek het van die Evangelie van Jesus Christus. Paulus het toe van hulle weggegaan. Die deformiste volhard in hulle ongelooft soos die wysgere van Hand. 17. By implikasie sê hulle dat die Bybelboodskap praatjies is en die Gereformeerdes praatjiesmakers. Net soos die Areopagiete neem die deformiste die houding in dat die wat die opstanding van die Here Jesus verkondig, vreemde gode verkondig. Daarom kan gesê word dat die Deformiste van vandag Areopagus-denkers is.

Wie moet geglo word: Vandag se dwaalleraars, of die mense aan wie God Hom openbaar het en mense wat die Here Jesus self gesien en gehoor het – ook gesien het nadat Hy uit die dood opgestaan het? Die antwoord is vir elke kind van die Here voor die hand liggend.

Die Gereformeerdes moet nie ontsenu word nie, maar na 1 Kor. 11:19 luister: *Want daar moet ook partyskappe onder julle wees, sodat die beproefdes onder julle openbaar kan word.*

Terwyl ons vir die deformiste se bekering moet bid, kan ons Tit. 3:10 ingedagte hou: *Aan 'n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning.* Die Here bemoedig ons (net soos destyds vir *Timótheüs*) in 1 Tim. 1:18-20: *Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timótheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely, onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.*

Die kerk waarvan die Here Jesus Christus die Hoof is, sal in die krag van die Heilige Gees moet sorg dat hy sy huis skoonmaak:

- Openb. 2:2 - *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het.*
- Openb. 2:14 - *Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.*
- Openb. 2:20 - *Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.*
- Iemand wat partyskappe in die kerk veroorsaak, moet Tit. 3:11 gewys word – Hy moet weet dat hy op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.